# *UIT DIE PEN VAN DIE CEO (13/11)*

*Justin Chadwick (8 April 2011)*

GESEGDE VAN DIE WEEK "*We are all faced with a series of great opportunities brilliantly disguised as impossible situations" Charles Swindall*

## UITVOERVEREISTES VIR BANGLADESH EN MAURITIUS

Die volgende vereistes is van toepassing op hierdie twee lande ten opsigte van fitosanitêre sertifisering: **Bangladesh vereis** "besendings moet van skadelike plae en siektes vry wees of 'n effektiewe behandeling ondergaan het" [beroking] – dit sal beteken dat DAPIS inspekteurs monsters moet trek en voor uitvoer inspekteer of dat die besending 'n effektiewe behandeling, soos beroking moet ondergaan. In beide gevalle sal 'n fitosanitêre sertifikaat uitgereik word met of 'n addisionele verklaring of verklaring van die besonderhede van die behandeling.

**Mauritius vereis** as deel van die spesiale vereistes dat besendings vry van San Jose Dopluis moet wees – dit sal beteken dat:

Vir **gasheerplante** van San Jose dopluis (nie sitrusvrugte nie) bemonstering en inspeksies deur DAPIS inspekteurs en die uitreiking van 'n fitosanitêre sertifikaat wat verklaar dat dit van San Jose Dopluis vry is.

Vir **nie-gasheerplante** van San Jose Dopluis sal 'n fitosanitêre sertifikaat uitgereik word op grond van die Gehalte sertifikaat wat deur PPECB uitgereik is. Nie-gashere van San Jose Dopluis sluit sitrusvrugte in.

## CGA RAAD

Die Raad het 'n begroting goedgekeur wat voorsiening maak vir 'n verhoging in die uitgawes van die belangrikste, strategiese prioriteite – marktoegang, kultivarbestuur, navorsing en transformasie. Befondsing soortgelyk aan fondse van die PIP 2 program (PPECB moet dit administreer), is goedgekeur wat op plantbeskermende produkte en hul gebruik sal fokus. Bykomend is 'n toekenning aan die CBS IPPC proses gemaak wat lyk of dit 'n ewigheid neem alvorens dit aan die gang kom. Die sitrusbedryf is angstig dat 'n paneel so gou as moontlik saamgestel moet word om die Pes-Risiko-Bepaling, wat in die jaar 2000 deur Suid-Afrika ontwikkel is, te evalueer, asook die EFSA-opinie wat in 2009 beskikbaar gestel is. Die CGA het 'n verteenwoordiger in Moskou, Rusland aangestel (bykomend tot die huidige verteenwoordigers in Brussels en Washington). Rusland het bewys om 'n belangrike bestemming vir Suid-Afrikaanse sitrus te wees, met groot toenames in uitvoervolumes oor die afgelope paar jaar. Daar is verskeie uitdagings en onsekerhede in hierdie mark waarmee die nuwe verteenwoordiger sal help om aan te spreek. In 2011 gaan die CGA navorsing op sitrus se koolstofvoetspoor doen deur die koolstof-sakrekenaar wat onlangs ontwikkel is, te gebruik. Dit is belangrik om 'n maatstaf van die huidige voetspoor te verkry en wat die groter praktyke is wat koolstof afgee. Dit kan aanleiding tot spesifieke verbeteringe en 'n positiewe boodskap aan markte rakende omgewingsrentmeesterskap gee.

Die Raad het waardering getoon vir 'n aanbieding deur die CEO en Kommersiële Bestuurder van die Landbounavorsingsraad (LNR). Daar is bevind dat die CGA en LNR 'n gemeenskaplike doel het in terme van die bedryf se mededingendheid. Daar is 'n beslis moontlikhede vir nouer interaksies in die toekoms.

## RUSLAND

CGA ontvang weekliks 'n markverslag van die Russiese verteenwoordiger in Moskou. Hierdie verslag is aan alle CMF-lede beskikbaar, as jy deel van die lys wil wees, kontak my asseblief (justchad@iafrica.com).

## GEPAK 2011

Daar word nou begin om pomelo's te pak. Interessant om te sien dat alhoewel sagte sitrus vroeg die jaar begin het, is dit nou gelyk met laas jaar.

| Eind Week 13 | Gepak 2009 | Gepak 2010 | Gepak 2011 |
|---|---|---|---|
| **Sagte Sitrus** | 292 000 | 550 000 | 551 000 |
| **Suurlemoene** | 492 000 | 841 000 | 659 000 |
| **Pomelo's** | 28 000 | 53 000 | 48 000 |

**PRODUSENTE SE HEFFINGS WORD AANGEWEND OM AKTIWITEITE VAN CGA, CRI EN CITRUS ACADEMY TE BEFONDS. VERSEKER SO 'N GLOBALE MEDEDINGENDE SUIDER-AFRIKAANSE SITRUSBEDRYF**